CLOMIDEP moet oraal toegedien word teen ’n daaglikse dosis van 25 tot 75 mg.

Spesiale populasies

Bejaarde populasie

Begin behandeling met 1 tablet van 10 mg daagliks. Verhoog die dosering geleidelik na ’n optimum vlak van 30 tot 50 mg daagliks, wat na omtrent 10 dae bereik behoort te word en dan tot die einde van behandeling volgehou moet word.

Pediatriese populasie

Kinders (5 jaar en ouer) en adolessente:

Obsessief-kompulsiewe sindrome:

Die aanvangsdosis is 25 mg daagliks en behoort geleidelik verhoog te word (ook in verdeelde dosisse gegee) tydens die eerste paar weke, soos wat dit deur die pasiënt verdra word, tot ’n daaglikse maksimum van 3 mg/kg of 100 mg, watter een ook al die laagste is.

Daarna kan die dosering oor die volgende paar weke geleidelik verhoog word tot ’n daaglikse maksimum van 3 mg/kg of 200 mg, watter een ook al die laagste is.

Metode van toediening

Oraal.

CLOMIDEP kan met of sonder voedsel toegedien word.

4.3 Kontra-indikasies

- Hipersensitiwiteit vir klomipramien, bekende hipersensitiwiteit vir trisikliese antidepressante wat aan die dibensasepien-groep behoort, of vir enige van die hulpstowwe gelys by afdeling 6.1.
- Kombinasieterapie met ander antidepressante.
- Onlangse miokardiale infarksie.
- Kongenitale lang QT-sindroom.
- Hipokalemie.
- Gepaardgaande behandeling met CLOMIDEP en MAO-inhibitors word teenaangedui. CLOMIDEP moet vir ’n tydperk van ten minste 14 dae na staking van behandeling met MAO-inhibitors nie toegedien word nie, weens die potensiaal vir hewige interaksies; hewige hipertensiewe reaksies, hiperpiretiese krisis, konvulsies en noodlottige gevalle is gerapporteer.
- Dieselfde omsigtigheid is nodig wanneer ’n MAO-inhibitor na vorige behandeling met CLOMIDEP toegedien word (sien afdeling 4.5).

- Teenaangedui tydens borsvoeding, sien afdeling 4.6.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Hierdie medisyne moet te alle tye buite bereik van kinders gehou word, aangesien relatief klein oordosisse vir hulle dodelik mag wees.

Versigtigheid is nodig wanneer trisikliese antidepressante voorgeskryf word aan pasiënte met:

- Kardiovaskulêre ontoereikendheid, atrioventrikulêre blok (grade I tot III) en disritmieë.
- Nouhoekgloukoom.
- Versteurings van mikturisie weens belemmerde urienvloei (bv. by siektes van die prostaat).
- 'n Lae drempel vir konvulsies (bv. weens breinskade met verskillende etiologie, epilepsie, alkoholisme).
- Erge lewer- of niersiekte.
- Tumore van die adrenale medulla (bv. feochromositoom, neuroblastoom), waar die medisyne hipotensiewe krisis kan uitlok.
- Gelyktydige behandeling van pasiënte met CLOMIDEP en elektrokonvulsiewe terapie moet slegs onder streng toesig toegepas word.
- **Anafilaktiese skok:** Daar is geïsoleerde gevalle van anafilaktiese skok gerapporteer.

Risiko van selfdood:

Risiko van selfdood is inherent aan erge depressie en kan volhou totdat beduidende remissie voorkom. Pasiënte met depressiewe steurings, beide volwasse en pediatries, mag verergering van depressie en/of selfdoodneigings of ander psigiatriese simptome ondervind, of hulle antidepressant-medikasie neem of nie. Antidepressante het die risiko van selfdoodgedagtes en -gedrag (selfdoodneigings) verhoog in korttermynstudies by kinders en adolessente met depressiewe versteurings en ander psigiatriese versteurings. Alle pasiënte wat vir enige indikasie met CLOMIDEP behandel word, moet noukeurig waargeneem word vir kliniese agteruitgang, selfdoodneigings en ander psigiatriese simptome (sien afdeling 4.8), veral tydens die aanvanklike fase van terapie of wanneer die dosis verander word.

Aanpassing van die terapeutiese regimen, insluitende moontlike staking van die medikasie, behoort by hierdie pasiënte oorweeg te word, veral indien hierdie simptome hewig is, vinnige aanvang het, of nie deel was van die simptome waarmee die pasiënt gepresenteer het nie.

Families en versorgers van beide pediatriese en volwasse pasiënte wat met antidepressante behandel word vir

sowel psigiatriese as nie-psigiatriese indikasies, moet gewaarsku word rakende die noodsaaklikheid om pasiënte vir die verskyning van ander psigiatriese simptome (sien afdeling 4.8) te monitor, sowel as die verskyning van selfdoodneigings, en om sulke simptome onmiddellik aan gesondheidsorgverskaffers te rapporteer.

Die kleinste hoeveelheid CLOMIDEP-tablette moet in ooreenstemming met goeie pasiëntbestuur voorgeskryf word, ten einde die risiko van oordosering te verlaag.

By kinders en adolessente, is daar nie genoegsame bewys van die veiligheid en doelmatigheid van CLOMIDEP in die behandeling van depressiewe toestande van wisselende etiologie en simptomatologie, en katapleksie met gepaardgaande narkolepsie nie.

Die gebruik van CLOMIDEP by kinders en adolessente (0 – 17 jaar oud) word gevolglik nie vir hierdie indikasies aanbeveel nie.

Ander psigiatriese effekte:

Per geleentheid is waargeneem dat psigose geaktiveer word by pasiënte met skisofrenie wat CLOMIDEP ontvang.

Omsigtigheid is nodig by pasiënte wat aan bipolêre steuring ly, aangesien hipomanie of manie by sulke pasiënte geaktiveer kan word. Onttrek CLOMIDEP onmiddellik indien die depressie oorgaan in ’n maniese fase.

By pasiënte wat geneig is daartoe en by bejaarde pasiënte, kan CLOMIDEP, veral snags, farmakogeniese (ylhoofdige) psigoses uitlok, wat sonder behandeling binne ’n paar dae nadat die medisyne onttrek is kan verdwyn.

Kardiale en vaskulêre versteurings:

Trisikliese antidepressante soos CLOMIDEP moet versigtig gebruik word by pasiënte met kardiovaskulêre versteurings, veral dié met ’n geskiedenis van geleidingsversteurings en bejaarde pasiënte. Monitering van kardiovaskulêre funksie en EKG word in sulke gevalle aanbeveel.

Daar is ’n risiko van QTc-verlenging en torsades de pointes, veral teen supra-terapeutiese dosisse of supra-terapeutiese plasmakonsentrasies van klomipramien, soos wat voorkom in die geval van gepaardgaande toediening van selektiewe serotonienheropname-inhibitors (SSRI’s) of serotonien- en noradrenergiese heropname-inhibitors (SNaRI’s). Gelyktydige toediening van medisynes wat akkumulasie van klomipramien kan veroorsaak, moet dus vermy word. Eweneens moet gepaardgaande toediening van medisynes wat die QTc-

interval kan verleng, vermy word (sien afdelings 4.2 en 4.5).

Dit is vasgestel dat hipokalemie ’n risikofaktor vir QTc-verlenging en torsades de pointes is. Hipokalemie moet dus behandel word voordat behandeling met CLOMIDEP begin word (sien afdelings 4.2 en 4.5).

Dit is raadsaam om die pasiënt se bloeddruk na te gaan voordat behandeling begin word, want hipotensiewe persone en individue met ’n onstabiele bloedsomloop mag op die medisyne reageer met ’n val in bloeddruk. Dit kan beheer word deur die dosis te verlaag.

Serotoniensindroom:

Dit is raadsaam om te hou by die aanbevole dosisse weens die risiko van serotonergiese toksisiteit. Serotoniensindroom, met simptome soos hiperpireksie, mioklonus, agitasie, toevalle, delirium en koma, kan moontlik voorkom wanneer CLOMIDEP toegedien word met serotonergiese ko-medikasies soos SSRI’s, SNaRI’s, trisikliese antidepressante of litium (sien afdelings 4.2 en 4.5). Vir fluoksetien word ’n uitwasperiode van twee tot drie weke aangeraai voor en na behandeling met fluoksetien.

Konvulsies:

CLOMIDEP moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met epilepsie of by pasiënte wat geneig is tot konvulsies of toevalle; en ook waar daar ander predisponerende faktore is, soos breinskade, gelyktydige gebruik van neuroleptiese middels, alkoholonttrekking of onttrekking van medisynes met antikonvulsiewe eienskappe (bv. bensodiasepiene). Die voorkoms van toevalle hou verband met die dosis; die aanbevole totale daaglikse dosis van CLOMIDEP moet gevolglik nie oorskry word nie.

Anticholinergiese effekte:

Noukoekgloukoom kan vererger word.

Besondere sorg is nodig wanneer CLOMIDEP gebruik word waar daar versteurings van mikturisie weens belemmerde urienvloei teenwoordigheid is (bv. by siektes van die prostaat), aangesien urienretensie gepresipiteer kan word by pasiënte wat aan prostatisme ly.

Verminderde traanafskeiding en opeenhoping van mukusagtige afskeiding weens die anticholinergiese eienskappe van trisikliese antidepressante kan skade aan die korneale epiteel by pasiënte met kontaklense veroorsaak. Gebruik van kunsmatige trane word by hierdie pasiënte aanbeveel.

Die gelyktydige toediening van anticholinergiese middels kan gevaarlik wees (sien afdeling 4.5).

Spesifieke behandelingspopulasies:

Omsigtigheid word aangedui by pasiënte met hipertiroïdisme of in die geval van gepaardgaande behandeling met tiroïedmiddels, aangesien verergering van ongewenste kardiale effekte weens die anticholinergiese werking kan voorkom.

By pasiënte met lewersiekte, word periodieke monitering van lewerensiemvlakke aanbeveel.

CLOMIDEP kan paralitiese ileus veroorsaak, veral by bejaarde en bedlêende pasiënte en by pasiënte wat aan chroniese hardlywigheid ly.

Langdurige behandeling met CLOMIDEP kan tot ’n verhoogde voorkoms van tandbederf lei. Gereelde tandheelkundige ondersoeke is dus raadsaam tydens langtermynbehandeling.

Langtermyn-veiligheidsdata rakende groei, maturasie en kognitiewe en gedragsontwikkeling is nie beskikbaar vir kinders en adolessente nie.

Witbloedseltelling:

Daar is ’n verband tussen die voorkoms van agranulositose en die gebruik van CLOMIDEP gevind. Gevolglik is dit ook raadsaam om bloedtellings tydens CLOMIDEP na te gaan, veral indien die pasiënt koors, ’n griepagtige infeksie of seer keel ontwikkel.

Anestesie:

Die narkotiseur moet voor algemene of plaaslike anestesie ingelig word dat die pasiënt CLOMIDEP gebruik het.

Staking van behandeling:

Skielike onttrekking behoort weens moontlike ongunstige reaksies vermy te word. Indien die besluit geneem is om behandeling te staak, behoort medikasie afgeskaal te word, so vinnig as wat haalbaar is, maar met inagneming dat meteense staking met sekere simptome gepaard kan gaan (sien afdeling 4.8 vir ’n beskrywing van die risiko’s van staking van CLOMIDEP).

Die risiko’s van sentralesenuweestelselonderdrukking is groter wanneer dit saam met ander sentralesenuweestelselonderdrukkers (bv. alkohol en barbiturate) toegedien word en dit behoort dus as ’n reël nie gelyktydig toegedien te word nie. Aangesien CLOMIDEP alkoholtoleransie kan verminder, moet pasiënte aangeraai word om nie alkohol te gebruik terwyl hulle onder behandeling is nie.

CLOMIDEP kan afskeiding van prolaktien verhoog weens die antagonistiese effek wat dit op dopamien het.

Bloedsuikerkonsentrasies kan by diabetiese pasiënte gewysig word.

Hulpstowwe

Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van galaktose-intoleransie, totale laktasegebrek of glukose-galaktosewanabsorpsie behoort nie hierdie medisyne te neem nie.

4.5 Interaksie met ander medisynes en ander vorms van interaksie

Farmakodinamiese interaksies:

Adrenergiese neuronblokkers:

CLOMIDEP kan die antihipertensiewe effekte van guanetidien, betanidien, reserpien, klonidien en alfa-metieldopa verminder of heeltemal afskaf. Pasiënte wat terselfdertyd medikasie vir hipertensie benodig, moet dus ’n ander soort antihipertensiewe middels ontvang (bv. vasodilators of betablokkers).

Anticholinergiese middels:

CLOMIDEP kan die uitwerking van anticholinergiese middels (bv. fenotiasien, middels teen parkinsonisme, antihistamiene, atropien, biperideen) versterk.

SSS-onderdrukkers:

Die risiko’s van sentralesenuweestelselonderdrukking is groter wanneer CLOMIDEP saam met ander sentralesenuweestelselonderdrukkers (bv. alkohol en barbiturate) toegedien word en dit behoort dus as ’n reël nie gelyktydig toegedien te word nie.

Diuretika:

Gepaardgaande toediening van CLOMIDEP met diuretika mag lei tot hipokalemie, wat op sy beurt die risiko van QTc-verlenging en torsades de pointes verhoog. Hipokalemie behoort gevolglik behandel te word voordat begin word met toediening van CLOMIDEP (sien afdelings 4.2 en 4.4).

MAO-inhibitors:

CLOMIDEP moet vir ten minste 2 weke na staking van behandeling met MAO-inhibitors nie gegee word nie (daar is ’n risiko van strawwe simptome, soos hipertensiewe krisis, hiperpireksie en dié in ooreenstemming met serotoniensindroom, bv. mioklonus, agitasie, toevalle, delirium en koma).

Dieselfde geld wanneer ’n MAO-inhibitor gegee word na vorige behandeling met CLOMIDEP. In beide gevalle moet CLOMIDEP of die MAO-inhibitor aanvanklik in klein dosisse, wat geleidelik verhoog word, gegee word en die effekte daarvan moet gemonitor word (sien afdeling 4.3).

Selektiewe serotonienheropname-inhibitors (SSRI’s):

Gepaardgaande toediening van CLOMIDEP met selektiewe serotonienheropname-inhibitors (bv. fluoksetien en fluvoksamien) kan tot additiewe effekte op die serotonergiese stelsel lei (sien *Serotonergiese medisynes).*

Serotonergiese medisynes:

Serotoniensindroom kan moontlik voorkom wanneer klomipramien gelyktydig toegedien word saam met serotonergiese medikasies, soos selektiewe serotonienheropname-inhibitors (SSRI’s), serotonien- en noradrenergiese heropname-inhibitors (SNaRI’s), trisikliese antidepressante of litium (sien afdelings 4.2 en 4.4). Vir fluoksetien word ’n uitwasperiode van twee tot drie weke aangeraai voor en na behandeling met fluoksetien.

Simpatomimetiese medisynes:

CLOMIDEP kan die kardiovaskulêre effekte van norepinefrien of epinefrien versterk en die gebruik van plaaslike anestetika en neusdruppels wat hierdie vasokonstriktors bevat moet vermy word, aangesien hipertensiewe reaksies mag voorkom.

Farmakokinetiese interaksies:

CLOMIDEP (klomipramien) word hoofsaaklik via metabolisme geëlimineer. Die primêre roete van metabolisme is demetilering om die aktiewe metaboliet, *N*-desmetielklomipramien, te vorm, gevolg deur hidroksilasie en verdere konjugasie van beide *N*-desmetielklomipramien en die moedermedisyne. Verskeie sitochroom P450-isosieme is betrokke by die demetilering, hoofsaaklik CYP3A4, CYP2C19 en CYP1A2.

Beide aktiewe komponente word deur hidroksilasie geëlimineer en dit word deur CYP2D6 gekataliseer. Gepaardgaande toediening van CYP2D6-inhibitors mag tot ’n styging in die konsentrasie van beide aktiewe komponente lei, tot soveel as 3-voudig by pasiënte met ’n debrisokien/sparteïen ekstensiewe metaboliseerder-fenotipe, wat dit omskakel na ’n swak-metaboliseerder-fenotipe. Daar word verwag dat gepaardgaande toediening van CYP1A2-, CYP2C19- en CYP3A4-inhibitors klomipramienkonsentrasies sal

verhoog en *N*-desmetielklomipramien sal verlaag, en sodoende nie noodwendig die algehele farmakologie sal affekteer nie.

MAO-inhibitors, wat ook kragtige CYP2D6-inhibitors in vivo is, soos moklobemied, word teenaangedui vir gepaardgaande toediening met klomipramien (soos in CLOMIDEP, sien afdeling 4.3).

Antidisritmiese medisynes (soos kinidien en propafenoon), wat kragtige inhibitors van CYP2D6 is, behoort nie in kombinasie met trisikliese antidepressante, soos CLOMIDEP, gebruik te word nie.

SSRI's wat inhibitors van CYP2D6 is, soos fluoksetien, paroksetien of sertralien, en van andere, insluitende CYP1A2 en CYP2C19 (bv. fluvoksamien), kan ook die plasmakonsentrasies van klomipramien (soos CLOMIDEP) verhoog, met ooreenstemmende newe-effekte. Serumvlakke van klomipramien by ewewigstoestand het ~ 4-voudig verhoog deur gepaardgaande toediening van fluvoksamien (*N*-desmetielklomipramien het ~ 2-voudig verlaag) (sien afdelings 4.2 en 4.3).

Gepaardgaande toediening van neuroleptiese middels (bv. fenotiasiene) kan verhoogde plasmavlakke van trisikliese antidepressante (soos CLOMIDEP), 'n verlaagde toevaldrempel, en toevalle veroorsaak. Kombinasie met tioridasien kan erge kardiale disritmieë veroorsaak.

Gepaardgaande toediening met 'n histamien$_2$ (H_2)-reseptorantagonis, simetidien ('n inhibitor van verskeie P450-ensieme, insluitende CYP2D6 en CYP3A4), kan plasmakonsentrasies van klomipramien verhoog, en die dosis daarvan moet dus verlaag word.

Daar is geen interaksie tussen chroniese orale kontraseptiewe (15 of 30 mikrogram etinielestradiol daagliks) en CLOMIDEP (25 mg daagliks) gedokumenteer nie.

Sover bekend is estrogene nie inhibitors van CYP2D6, die belangrikste ensiem betrokke by opruiming van klomipramien, nie, en gevolglik word geen wisselwerking verwag nie.

In 'n paar gevalle waar hoë-dosis estrogeen (50 mikrogram daagliks) en die trisikliese antidepressant imipramien gebruik is, is daar egter verhoogde newe-effekte en terapeutiese respons waargeneem, maar dit is onduidelik wat die belang van hierdie gevalle is vir CLOMIDEP (klomipramien) en laer-dosis estrogeen regimens. Dit word aanbeveel dat die terapeutiese respons van trisikliese antidepressante by hoë-dosis estrogeen regimens (50 mikrogram daagliks) gemonitor word en dit mag nodig wees om die dosis aan te pas.

Metielfenidaat (bv. Ritalin) kan ook die konsentrasies van trisikliese antidepressante verhoog deur potensiële onderdrukking van die metabolisme daarvan, en dit mag nodig wees om die dosis van die trisikliese antidepressant, soos CLOMIDEP, te verlaag.

Party trisikliese antidepressante, soos CLOMIDEP, kan die antikoagulant-effek van kumarien-medisynes, soos warfarien, versterk en dit kan deur onderdrukking van die metabolisme daarvan wees (CYP2C9). Daar is geen bewyse vir die vermoë van klomipramien om die metabolisme van antikoagulante, soos warfarien, te onderdruk nie, noukeurige monitering van plasmaprotrombien word egter vir hierdie klas van medisynes aangeraai.

Gepaardgaande toediening van medisynes wat bekend is dat dit sitochroom P450-ensieme induseer, in besonder CYP3A4, CYP2C19 en/of CYP1A2, kan die metabolisme van CLOMIDEP versnel en die doelmatigheid daarvan verlaag.

CYP3A- en CYP2C-induseerders, soos rifampisien of antikonvulsante (bv. barbiturate, karbamasepien, fenobarbitaal en fenitoïen), kan die konsentrasie van CLOMIDEP (klomipramien) verlaag.

Bekende induseerders van CYP1A2 (bv. nikotien/komponente in sigaretrook) verlaag die plasmakonsentrasies van trisikliese medisynes.

By sigaretrokers is die plasmakonsentrasies van CLOMIDEP (klomipramien) by ewewigstoestand 2-voudig verlaag in vergelyking met nierokers (geen verandering in *N*-desmetielklomipramien nie).

CLOMIDEP (klomipramien) is ook 'n in vitro (K_i < = 2,2 mikroM) en in vivo inhibitor van CYP2D6-aktiwiteit (sparteïen-oksidasie) en kan gevolglik verhoogde konsentrasies veroorsaak van verbindings wat gepaardgaande toegedien word wat hoofsaaklik deur CYP2D6 opgeruim word by ekstensiewe metaboliseerders.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding

Swangerskap:

Dit is nie bepaal of dit veilig is om tydens swangerskap te gebruik nie.

Daar was verslae van onttrekkingsimptome by babas wie se moeders kort voor verlossing CLOMIDEP ontvang het.

Borsvoeding:

Aangesien die aktiewe bestanddeel uitgeskei word in borsmelk, moet moeders wat CLOMIDEP ontvang nie hulle babas borsvoed nie.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik

Wanneer terapie begin word, moet pasiënte aangeraai word om vir ten minste ’n paar dae nie ’n motorvoertuig te bestuur, gevaarlike hoogtes te bestyg of masjinerie te hanteer nie. Belemmerde besluitneming kan onder hierdie omstandighede tot ongelukke lei.

4.8 Ongewenste effekte

Getabuleerde lys van ongunstige reaksies

MedDRA Stelsel-orgaan-klas	**Frekwensie**	**Ongunstige reaksies**
Bloed- en limfstelselversteurings	*Minder dikwels*	Leukopenie, agranulositose, trombositopenie, eosinofilie en purpura.
Immuunstelselversteurings	*Minder dikwels*	Allergiese alveolitis (pneumonitis) met of sonder eosinofilie, sistemiese anafilaktiese / anafilaktoïede reaksies insluitende hipotensie.
Endokrienversteurings	*Minder dikwels*	SIADH (ontoepaslike antidiuretiese hormoonsekresiesindroom).
Metabolisme- en voedingsversteurings	*Dikwels*	Gewigstoename; verhoogde aptyt, anoreksie.
Psigiatriese versteurings	*Dikwels*	Lomerigheid, kortstondige moegheid, rusteloosheid, verwardheid, disoriëntasie, hallusinasies (veral by geriatriese pasiënte en pasiënte wat aan Parkinson se siekte ly), angstigheid, agitasie, slaapversteurings, manie, hipomanie, aggressiwiteit, belemmerde geheue, depersonalisasie, verergerde depressie, belemmerde konsentrasie, slaaploosheid, nagmerries, gaap.
	Minder dikwels	Aktivering van psigotiese simptome.
Senuweestelselversteurings	*Dikwels*	Duiseligheid, tremor, hoofpyn, mioklonus, delirium, spraakversteurings,

		parestesie.
	Minder dikwels	Ataksie, konvulsies, EEG-veranderings, hiperpireksie, neuroleptiese maligne sindroom, perifere neuropatie.
Oogversteurings	*Dikwels*	Visuele akkommodasieversteurings en dowwe visie, midriase.
	Minder dikwels	Gloukoom.
Oor- en labirintversteurings	*Dikwels*	Tinnitus.
Kardiale versteurings	*Dikwels*	Sinustagikardie, palpitasies, posturale hipotensie, klinies onbeduidende EKG-veranderings (bv. ST- en T-veranderings) by pasiënte met normale kardiale status.
	Minder dikwels	Disritmieë, verhoogde bloeddruk; geleidingsversteurings (bv. verwyding van die QRS-kompleks, verlengde QT-interval, PQ-veranderings, bondeltakblok, torsade de pointes, veral by pasiënte met hipokalemie).
Vaskulêre versteurings	*Dikwels*	Warm gloede; sweting.
Gastroïntestinale versteurings	*Minder dikwels*	Naarheid; braking, abdominale versteurings, diarree, smaakversteurings, stomatitis, droë mond.
Hepatobiliêre versteurings	*Dikwels*	Verhoogde transaminases.
	Minder dikwels	Hepatitis met of sonder geelsug.

Vel- en subkutaneweefselversteurings	*Dikwels*	Allergiese velreaksies (veluitslag, urtikarie), fotosensitisering, pruritus.
	Minder dikwels	Edeem (plaaslik of veralgemeen), haarverlies.
Muskuloskeletale en bindweefselversteurings	*Dikwels*	Spierswakheid, spierhipertonie.
Nier- en urienwegversteurings	*Minder dikwels*	Urinêre retensie.
Voortplantingstelsel- en borsversteurings	*Dikwels*	Versteurings van libido en potensie, borsvergroting, galaktorree.
Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening	*Dikwels*	Die volgende simptome kom dikwels voor na skielike onttrekking of verlaging van die dosis: Naarheid, braking, abdominale pyn, diarree, slaaploosheid, hoofpyn, senuweeagtigheid en angstigheid (sien afdeling 4.4).

Rapportering van vermoedelike newe-effekte

Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat gesien word nadat die medisyne geregistreer is, te rapporteer. Dit help met volgehoue monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne. Gesondheidsorgverskaffers moet asseblief enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die vorm om ongunstige geneesmiddelreaksies te rapporteer, wat aanlyn by SAHPRA se publikasies beskikbaar is: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9 Oordosering

Tekens en simptome:

Oordosering en vergiftiging kan deur sentralesenuweestelselonderdrukking of -eksitasie, erge anticholinergiese effekte (wat ongeveer ’n halfuur tot twee uur na inname begin) en kardiotoksisiteit gekenmerk word. Die volgende simptome en tekens is kenmerkend van akute oordosering:

Sentrale senuweestelsel:

Lomerigheid, stupor, koma, ataksie, rusteloosheid, agitasie, ooraktiewe reflekse, spierrigiditeit en choreo-atetoïede bewegings, konvulsies. Daarby mag simptome in ooreenstemming met serotoniensindroom (bv. hiperpireksie, mioklonus, delirium en koma) waargeneem word.

Kardiovaskulêre stelsel:

Hipotensie, tagikardie, aritmie, QTc-verlenging en disritmie insluitende torsades de pointes, geleidingsversteurings, skok, hartversaking, in uiters seldsame gevalle hartstilstand.

Respiratoriese onderdrukking, sianose, braking, koors, midriase, sweting en oligurie of anurie mag ook voorkom.

Behandeling:

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie.

Fisostigmien verhoog die risiko dat toevalle kan voorkom en moet gevolglik nie gebruik word nie.

Pogings moet aangewend word om die medisyne te elimineer deur braking te induseer indien die pasiënt wakker is, en/of maagspoeling. Die pasiënt moet oorgeplaas word na die hospitaal en vitale funksies moet onderhou word.

Geaktiveerde houtskool behoort toegedien te word.

Behandeling is simptomatiese en ondersteunend.

Vitale funksies (insluitende die EKG) moet vir ten minste 5 dae gemonitor word.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

A 1.2 Psigoanaleptika (antidepressante)

Klomipramien werk by verskeie setels. Dit sluit in alfa$_1$-adrenolitiese, anticholinergiese, antihistaminiese en antiserotonergiese aktiwiteite.

Dit word geglo dat terapeutiese aktiwiteit van klomipramien gegrond is op die vermoë daarvan om neuronale heropname van hoofsaaklik serotonien, en ook norepinefrien, te onderdruk.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie: Die aktiewe bestanddeel word volkome via die orale en intramuskulêre roetes geabsorbeer.

Plasmakonsentrasie: Kan wissel tussen 20 tot 175 ng/ml na orale toediening van ’n daaglikse dosis van 75 mg. Daar is groot verskille in die verspreiding en opruiming van klomipramien tussen individue.

Gelykvlakkonsentrasies van die aktiewe metaboliet desmetielklomipramien is 40 tot 85 % hoër as dié van klomipramien.

Dosisse behoort aangepas te word by bejaarde pasiënte weens die verminderde opruiming van klomipramien.

Die konsentrasie in die SSV is gelykstaande aan ongeveer 2 % van die plasmakonsentrasie.

Proteïenbinding: 97,6 %.

Plasmahalfleeftyd vir die beta-fase van eliminasie: ongeveer 21 uur.

Volume van verspreiding: ongeveer 12 liter/kg liggaamsmassa.

Biotransformasie:

Die primêre roete van klomipramienmetabolisme is demetilering om die aktiewe metaboliet, *N*-desmetielklomipramien, te vorm.

N-desmetielklomipramien kan deur verskeie P450-ensieme gevorm word, hoofsaaklik CYP3A4, CYP2C19 en CYP1A2.

Klomipramien en *N*-desmetielklomipramien word gehidroksileer om 8-hidroksiklomipramien of 8-hidroksi-*N*-desmetielklomipramien te vorm. Die aktiwiteit van die 8-hidroksi-metaboliete word nie in vivo gedefinieer nie.

Klomipramien word ook gehidroksileer by die 2-posisie en *N*-desmetielklomipramien kan verder gedemetileer word om didesmetielklomipramien te vorm. Die 2- en 8-hidroksi-metaboliete word hoofsaaklik as glukuroniede in die urine uitgeskei. Eliminasie van die aktiewe komponente, klomipramien en *N*-desmetielklomipramien, deur vorming van 2- en 8-hidroksi-klomipramien, word deur CYP2D6 gekataliseer.

Uitskeiding:

Twee-derdes in die vorm van wateroplosbare konjugate in die urine, en ongeveeg een-derde in die feses. Die hoeveelheid onveranderde klomipramien en aktiewe metaboliete wat in die urine uitgeskei word, beloop minder as 1 % van die toegediende dosis.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van hulpstowwe

Tabletkern

Brilliant Blue-lak

Kolloïdale anhidriese silika

Laktosemonohidraat

Magnesiumstearaat

Mieliestysel

Mikrokristallyne sellulose

Gesuiwerde talkum

Natriummetielparabeen

Natriumstyselglikolaat

Filmlagie

Asetoon

Amino-metakrielsuur-kopolimeer (Eudragit E 100)

Brilliant Blue-lak

Isopropielalkohol

Makrogol 6 000

Magnesiumstearaat

Gesuiwerde talkum

Natriumlourielsulfaat

Titaandioksied

6.2 Onverenigbaarhede

Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd

48 maande.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring

Bewaar by of benede 25 °C op ’n koel, droë plek, beskerm teen lig.

6.5 Aard en inhoud van die houer

Aluminium-aluminiumstulpstrook

CLOMIDEP-tablette is beskikbaar in ’n aluminium-aluminiumstulpstrook. Vyf stulpstroke met 10 tablette elk word in ’n buitekarton verpak.

AL/PVC koudgevormde stulpverpakking

CLOMIDEP tablette is beskikbaar in ‘n PVC koudgevormde stulpverpakking. Vyf sulke stulpstroke van 10 tablette elk word in 'n buitekarton verpak.

Nie alle verpakkingstipes mag gelyktydig bemark word nie.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening

Geen spesiale vereistes nie.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms.) Bpk.

’n Sun Pharma-maatskappy

Lautreweg 14, Stormill Uitbr. 1

Roodepoort 1724

Suid-Afrika

8. REGISTRASIENOMMER

35/1.2/0253

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING/HERNUWING VAN DIE MAGTIGING

24 Oktober 2003

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

13 Mei 2022